



Die heerlike reën het sommer in my hart ook geklim en 'n huppel in my stap gesit. Dis darem erg hoe ons dinge of mense sommer maar net as vanselfsprekend aanvaar totdat "dit" of "die persoon" nie meer daar is nie....

Dankie Here vir reën, vir skoon water, vir kos, vir klere, vir 'n woning, vir wonderlike vriende, vir werk, vir man/vrou, vir my kinders, vir my Bybel, vir my ouers.....

Moeders en Vadersdag is alweer oppad en ek deel so graag met julle hierdie inspirerende videogreep van Marc Mero (bekende Amerikaanse bokser en stoeier)... Mag ons elke dag besef hoe bevoorreg ons is.....

<https://www.youtube.com/watch?v=Li7vpzLA9uw>

NUUSKRUMMELS: 11 MEI 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR



DINAMIET KIEDZ

Hierdie kwartaal gaan ons reeks mos oor Redding 911, en ons kuier saam met baie belangrike mense wat ons elke dag moet beskerm en versorg. **Sondag, 11 Mei hou ons 'n muntlegging vir die NSRI. So mamma en pappa sal julle asseblief klomp munte saam met jul Kiedz stuur (dit kan enige muntstukke wees).**

Kwartaalprogram is onder aangeheg.

Gaan loer ook asseblief op ons FB blad na die foto's en videogreep van al ons kaperjolle!

<https://www.facebook.com/DinamietKiedzbediening/>

VOEDSELFEESWA SE WIELE BEGIN ALWEER ROL....



Aansit-ete: Om ons Voedsel fees af te skop, wil ons 'n heerlike aansit-ete hou op 23 Junie 2017.

Ons wil dit 'n gesellige saamkuier maak met heerlike Bobotie en Geelrys met groente asook smaaklike poeding vir slegs R50-00.

Pak asb 'n mandjie met julle eie bord, poedingbakkie, eetgerei, glas en drinkgoed. Om die aand verder op te vrolik, wil ons prettige vermaak en verrassings ook optower.

Kontak asseblief die kerkkantoor (021 853 5991) vir kaartjies.

Indien jy nie die kaartjies kan kom afhaal nie, maak ons alternatiewe reëlings. Help ons asseblief om 'n sukses van die aand te maak!!!

Voedsel fees: Die wiele begin al rol met voorbereidings vir die Voedsel fees in September.

Ons benodig sameroepers vir die volgende tafels asb:

- ✚ Roosterbroodjies
- ✚ Tradisionele geregte en slaaie
- ✚ Kruie- en groenteplantjies

As daar van julle is, wat ons graag wil help, kontak asb vir:

Gerda de Villiers – 021-8547191 / 0824664766

Apolonia Maritz -021-8537560 / 0825077091

HUWELIKE EN VERHOUDINGS

Oor drie weke, vanaf 29 Mei - 4 Junie, hou ons 'n spesiale Pinkster Reeks in die gemeente, wat gelei word deur Dr Francois Hanekom.

Die tema is "My houding in my verhoudings."

Indien jy in enige verhouding staan - met jou huweliksmaat, jou kinders, jou ouers, jou vriende, jou werkgewers of werknemers (dit beteken elkeen van ons) dan is hierdie tema net vir jou.

Maak nou reeds 'n aantekening om elke aand van 29 Mei tot 1 Junie om 19:00 asook Sondag, 4 Junie om 09:00 in die kerk te wees om te kom leer om te bou aan jou verhoudings.



**KERSMARKTE
27 MEI 2017
KEURINGS DAG
LOURENSRIVIER
STRAND**

DIE VOLGENDE MARKTE KEUR SAAM:

Lourensrivier Feesmark 21 Okt - 4 Nov 2017	Kleinmond Kersmark 11 Des - 24 Des 2017
Disakloof Gift Market 15 Des - 29 Des 2017 (Gesluit op 25 Des)	Santas Fair 5 Des - 22 Des 2017
Caledon Kersmark 25 Okt - 28 Okt 2017	Stellenbosch Kersmark 22 Nov - 2 Des 2017
Cape Gift Market/Kaapse Geskenke Mark 21 Nov - 3 Des 2017	Strooidak Feesmark Paarl 24 Nov - 2 Des 2017
Craft Expo @ Langebaan 27 Des 2017 - 9 Jan 2018	Weskus Kersmark 14 Des - 22 Des 2017
Gansbaai Kersmark 9 Des - 23 Des 2017	Worcester Kersmark 22 Nov - 2 Des 2017

www.lourensrivier.co.za
Vir meer inligting oor die kontakpersone
besoek ons webblad of skakel kerkkantoor @ 021 853 5991

CRAFTERS MARKET/FEESMARK/KERSMARK KEURING: 27 MEI 2017

Liewe Uitstaller, moet asb nie vergeet van hierdie belangrike dag nie.

Klik hier vir meer inligting asook die volledige lys van markte wat saamkeur:

<http://www.lourensrivier.co.za/index.php/inligting/feesmark>

Let ook asb op na die volgende:

Lourensrivier Gemeente verskaf die plek vir keuring, maar elke Mark hanteer hul eie aansoeke en admin (sien bostaande skakel vir inligting).

Daar sal weer 'n kombuis wees met eet & drinkgoed deur die dag.

Vir enige navrae kontak gerus vir Hetta @ 084 826 3345

BAIE STERKTE MET AL DIE REËLINGS EN HARDE WERK!

Seën word jul toegebid.

Vriendelikde Groete, Feesmark Komitee

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

Klassieke Kitaar Klanke Konsert

"One good thing about music, when it hits you, you feel no pain." - B Marley

Dit is uitsonderlik om op ons plaaslike verhoë na 'n voordrag van uitsluitlik kitaarmusiek te kan luister – hierdie is darem klassieke kitaar en sit die speel daarvan nie in enige-een se vingers nie! Die kitaar opsig self is 'n orkes in die klein – elke snaar het sy eie kleur en karakter, sy eie unieke plek om die tapeserie van passie, hartstog en opwinding te kan borduur. Melodieuse, pastorale passasies wat met vinnige, ritmies ingewikkelde en grooste akkoordale seksies afgewissel word is aan die orde van die dag en hou gehore op die punte van hulle stoel. Moet dus nie ons gratis Klassieke Kitaar Klanke Konsert mis op Sondag, 21 Mei om 15:00 by Helderberg Gemeente, Firmountweg 82, Somerset-Wes nie. Die program wat deur die studente van die Universiteit Stellenbosch se kitaarafdeling aangebied word, sluit al hierdie omvangryke elemente van die instrument in. Met werke van Villa-Lobos, Giuliani, Barrios, Bach en vele meer, is dit werklik 'n veelsydige program om na uit te sien. Die ideale manier om 'n Sondagmiddag deur te bring. Ons hartlike dank aan Nina Fourie-Gouws en haar studente wat bereid is om ons met hulle talent te kom betower. Kom kuier daarna heerlik saam in die Tent waar eetgoed te koop sal wees.

Navrae Yolanda Botha epos: yolabotha@gmail.com

Klassieke Kitaar Klanke

Sondag, 21 Mei
@ 15:00

NG Kerk, Helderberg
Firmountweg 82, Somerset-Wes

Toegang gratis*

Kom kuier lekker saam na die tyd in ons Tent.

Eetgoed te koop. *Donasies welkom.

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP



ACVV Huis Jan Swart hou basaar op 27 Mei 2017 vanaf 09:00 tot 13:00. Op vooraf bestelling: skaap op die spit; baba-aartappels; patat en wortels/ertjies @ R60-00 per bord. Pannekoek; basaarpoeding; gebak; boereworsrolle; frankfurterrolle; brekfis buns; Kerrie en rys; kinder-, handwerk- en witolifant tafels. Tee/koffie met skon of muffin. Kom geniet die oggend saam met ons!"

DRINGEND op soek na leë 2 liter en 5 liter roomysbakke en DRINGEND op soek na baksters/bakkers vir pannekoek vir ons basaar.

H van der Merwe, Hoof: ACVV Huis Jan Swart
021 854-3763



Voel jy skuldig?

Ouma is alleen
en jy kom
net nie by haar uit nie?

Ons haal graag
die ekstra druk
af van jou!

Vir inwoners van die Strand, Somerset-wes, Stellenbosch: Vir die week wat ek die ouetehuis (of privaat wonings) gaan besoek, kan jy ontspan!

Ons doen herinneringsberading, aktiwiteite wat die brein stimuleer en gesels n bietjie (whatsapp sommer vir my foto's van die klein kinders om te wys).

Terwyl ek daar is, hoor ek of hulle iets nodig het en sit dit ook in die kort verslag aan jou tesame met n foto.

Koste is R200 vir 1 besoek of R350 vir 2 besoeke per maand.

Kontak my gerus by 083 456 1975.

ALGEMENE HULP

BESKIKBAAR OP AFSPRAAK

- VERVOER NA AFSPRAKE
- HULP MET ADMINISTRATIEWE TAKE
- "COMPANION"
- VERGESEL NA 'N GELEENTHEID
- TWEETALIG

MARTHA
083 412 3653



MEDITAXI

www.meditaxi.co.za
info@meditaxi.co.za
Tel - 021 856 0946
Cell - 082 619 9147
59 Boundary Rd, Gordon's Bay

bookings@meditaxi.co.za

WE TRANSPORT :

- Discharges from Hospital
- To Doctors appointments
- To Dialysis appointments
- To Chemo appointments
- X-Ray & Scan appointments

WHEEL CHAIR & OXYGEN ON BOARD



RAPE CRISIS HELDERBERG

Putting back the pieces.

GARAGE TE HUUR:

As iemand ekstra spasie soek vir 'n motor of om goed te stoor in die Strand. Ons het n ekstra gaatjie. Dis veilig gesluit agter heining ook.

Kontak: Rensia @ 0714361295

TO OUR DEAR COMMUNITY

Psalm 90: 17

Let the favour of the Lord our God be upon us, and establish the work of our hands upon us; yes, establish the work of our hands!

RAPE CRISIS HELDERBERG "JUST ONE JACKET"

Soon the cold will be setting in and we are in need of jackets. We assist survivors of rape and their families in many ways and we also have a shop where the less privileged can purchase at minimal prices. This also helps towards the much needed running costs of the centre. Did you know that the current reported crime stats for rape is 53 women a day in South Africa. It would be so kind of you to donate a jacket that is no longer needed to our centre. We would be truly grateful for your assistance.



Our shop has expanded and if you can assist in any way please contact Colleen at 021 852 5620. We thank you with all our hearts

PUTTING BACK THE PIECES



KNIEWERK:

- ✦ Ons bid vir buite seisoenale reën, vir SA en volkome toewyding aan Jesus Christus, ons Here. Dankie Heer vir die reën wat U reeds gestuur het!
- ✦ Kankerbehandeling: Paul Louw & Retha van der Westhuizen & Owen Wallis & Amanda Vosloo
- ✦ Sannie le Roux
- ✦ Christine Steenberg (operasie 15 Mei)
- ✦ Jan Volschenk herstel na operasie
- ✦ Ryno Botha (45 steke in lip)
- ✦ Carel Smit steeds in hospitaal na val

Hofsaak Godsdienstvryheid Hooggeregshof 15-17 Mei 2017

Ek rig hierdie e-pos aan julle sodat ons soos ons die afgelope paar weke in ons land beleef het, dat GEBED die wêreld kan verander...

Doel van 'n nasionale gebedsaksie:

- ✦ Die hofsaak vs OGOB en die 6 skole gelys, 15-17 Mei in die hooggeregshof, Johannesburg, begin. Een van ons eie plaaslike laerskole - Laerskool Baanbreker- is by hierby geïmpliseer. As hulle (OGOB) die saak in die hof sou wen kan dit lei tot die totale afskaffing van enige Godsdienstige praktyke in die sowat 24,000 staatskole in Suid-Afrika... dit gaan elke gemeenskap in ons land raak...
- ✦ Ons doel is om soveel bidders dwarsoor ons land te verenig om vir hierdie saak te bid. Ek doen 'n beroep op elke kind van die Here om hierdie inligting aan soveel mense as moontlik te versprei en om elkeen hulle eie gebedsaksies te stig en vir die Here te vra dat Sy wil sal geskied....Bid oor hierdie saak waar julle ookal is en versprei hierdie inligting so ver moontlik aseblief... BID NET!!!
- ✦ Wat moet ons bid? Dat die Here in hierdie hele proses verheerlik sal word. Dat ons sal bid in 'n gees van positiwiteit en liefde... nie negatief en bitterheid nie. Vir wysheid en insig vir die regspan wat gaan optree. Bid vir die onderwys...die leerders... onderwysers... skoolhoofde en bestuursliggame.... NB NB... BID DIE GEBED VAN PAULUS IN EF 3:14-21

Dankie dat ons op jou kan staatmaak... Wees die verskil, deur saam te bid!!!!
Nms die leraarspan... Sunward Park gemeenskapskerk

TERUGVOERING/GEBEDSVERHORING:

Ons wil baie graag ook weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb op hoogte.

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG 14 MEI 2017: JOH 14:1-14

VYFDE WEEK IN PAASTYD: Lees ook Joh. 13 en 14 asof dit nie ingedeel is in paragrawe en hoofstukke nie. Dan kom die prentjie van God se liefde en sy boodskap duideliker uit. Joh. 13 en 14 se verskillende perikope, wat almal handel oor liefde, pas inmekaar en pas bymekaar soos die kroonblare van 'n blom. Die hele blom moet gesien word om die prag van die blom te kan waardeer.

Joh. 13: 1 – 14: Die praktyk van neerbuigende liefde – voete was.

Joh. 13: 15 – 30: Judas kies téén liefde – verloëning.

Joh. 13: 31 – 35: Jesus kies onverskrokke vir liefde – Sy dood.

Joh. 13: 36 – 38: Petrus faal in sy keuse vir liefde – verraad.

Joh. 14: 1 – 14: Jesus se liefde vir sy volgelingen strek tot in die hemel – maak plek gereed.

Joh. 14: 15 – 31: Die Heilige Gees maak die toekoms hede en help die dissipels om Jesus se liefde uit te lewe.

Soos wat 'n gasheer / gasvrou haar "plek" / huis gereed kry voor die besoekers kom kuier, so is Jesus besig om ons blyplek in die hemel vir ons gereed te maak, nie om te kom kuier nie, maar om vir ewig daar by Hom te gaan bly. So berei Hy in sy liefde vir ons, 'n ewige woonplek.


- Willem Botes -

Hy is die WEG, Hy maak vir ons 'n weg en Hy berei ook vir ons die woonplek voor....

I Am They sing Make A Way: <https://www.youtube.com/watch?v=sfLYO4io-J8>

Jackie@Lourensrivier

OORGEE, OMGEE, AANGEE



DINAMIET KIEDZ LOURENSRIVIER GEMEENTE

Jenningsstraat 55; STRAND

Tel: 021 853 5991

Faks: 021 853 8009

Gemeentekode: 00265

www.lourensrivier.co.za





FB: Lourensriviersemense EN Dinamiet Kiedz



PROGRAM: 2DE KWARTAAL (April tot Junie 2017)

Graad 1 tot Graad 7 (08:45 - 10:15)

Ma.	10/04/2017	Skole open	
So.	16/04/2017	Paasnaweek	
So.	23/04/2017	Redding 911 Les 1	
So.	30/04/2017	Langnaweek	Geen kinderkerk
So.	07/05/2017	Redding 911 Les 2	
So.	14/05/2017	Redding 911 Les 3	
So.	21/05/2017	Redding 911 Les 4	
So.	28/05/2017	Pinkster Les 1	God se Extreme Makeover-plan
		PINKSTER WEEK	Sondagaand, 28/5 – Donderdagaand 01/06
So.	04/06/2017	Pinksterfees: Grootkerk	Geen Kinderkerk
So.	11/06/2017	Redding 911 Les 5	
So.	18/06/2017	Langnaweek	Geen kinderkerk
So.	25/06/2017	Redding 911 Les 6	
Vry.	30/06/2017	SKOLE SLUIT	

Belofteland (1-6 jariges)	Gr 1-6	Pinkster	Gr 7
 <p>Op pad met Jesus</p> <p>Saam met BlinkBen Outeurs: Riana Andersen en Chrissie Kritzinger Illustrasies: Magriet Brink</p> <p>BlinkBen is 'n oulike karretjie wat saam met die kinders op reis gaan. Sy doen en late – én soms streke – bied die aanbieder die geleentheid om geestelike waarhede aan die kleuters oor te dra.</p> <p>KidsXpress Outeur: Tania Schultz Illustrasies: Magriet Brink</p>	 <p>Redding 911</p> <p>Help kinders om in Jesus as Redder te glo. Die nood in die wêreld is groot. Redding 911 herinner ons almal: die God wat ons dien, is baie groter as ons nood. 'n Reeks uit Lukas om kinders te help om in Jesus, die Redder, te glo.</p> <p>KidsXpress Outeur: Tania Schultz Illustrasies: Magriet Brink</p>	 <p>God se Extreme Makeover-plan</p> <p>7- tot 13-jariges leer by NEHEMIA hoe om aan God se geestelike huis te bou</p> <p>KidsXpress Outeur: Tania Schultz Illustrasies: Magriet Brink</p>	 <p>My Blink ID</p> <p>Saamdoen idees oor wie ek in Jesus is</p> <p>24 Blink Idees om kinders te help om hul identiteit in Jesus te ontdek en uit te leef. Speel dit los met 'n speletjie wat raakpunte het met die tema van die dag. Praat dit uit in die saamgesels Bybelstudie. Knoop dit vas in die ID-boekie propvol aktiwiteite en Bid dit deur.</p> <p>KidsXpress Outeur: Tania Schultz Illustrasies: Magriet Brink</p>

Diensbaar vir Jesus

Sanel Woodward (082 706 8642) - Eposadres: sanel@strandfoam.co.za